



UNIE VAN SUID-AFRIKA  
UNION OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT MYNWESE

DEPARTMENT OF MINES

GEOLOGIESE OPNAME  
GEOLOGICAL SURVEY

# DIE STEENKOOLVELD STANDERTON STATE VAN BOORGATE 1 TOT 13

BULLETIN 30

Met aantekeninge deur

K. H. L. Sehlke en S. W. van der Merw

U. OF ILL. LIBRARY

FEB 4 1970

CHICAGO CIRCLE

With a summary in English entitled:

THE STANDERTON COAL-FIELD RECORDS OF BORE-HOLES 1 TO 13

Prys/Price: 5s. 6d.

Die Staatsdrukker—The Government Printer,  
Pretoria, 1959





UNIE VAN SUID-AFRIKA  
UNION OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT MYNWESE

DEPARTMENT OF MINES

GEOLOGIESE OPNAME  
GEOLOGICAL SURVEY

# DIE STEENKOOLVELD STANDERTON STATE VAN BOORGATE 1 TOT 13

BULLETIN 30

Met aantekeninge deur

K. H. L. Sehlke, D.Sc. (Geologiese Opname) en S. W. van der  
Merwe, M.Sc. (Brandstofnavorsingsinstituut)

With a summary in English entitled:

THE STANDERTON COAL-FIELD RECORDS OF BORE-HOLES 1 TO 13

KOPIEREG VOORBEHOU/COPYRIGHT RESERVED  
1959

Gedruk deur en verkrybaar  
van die Staatsdrukker, Bosman-  
straat, Pretoria.

Printed by and obtainable from  
the Government Printer, Bos-  
man Street, Pretoria.

# DEPARTEMENT MYNWESE DEPARTMENT OF MINES

Sekretaris  
Secretary

J. J. A. Nel, B.A., LL.B.

## GEOLOGIESE OPNAME GEOLOGICAL SURVEY

Direkteur  
Director

F. C. Truter, M.A., Ph.D.

Geredigeer deur  
Edited by

P. H. Vermeulen, M.A.,  
Redakteur van Publikasies  
Editor of Publications

Wetenskaplike inhoud  
gekontroleer deur

F. A. Venter, M.Sc.,  
Assistent-Direkteur  
Assistant-Director;

Scientific contents controlled by

H. N. Visser, D.Sc.,  
Hoofgeoloog  
Chief Geologist

## INHOUD

### DEEL I. - GEOLOGIE

I. - INLEIDING .....	1
II. - ALGEMENE GEOLOGIE .....	1
III. - DIE STEENKOOLLAE .....	5
IV. - RESERWES .....	8

### DEEL II. - CHEMIESE EN FISIESE EIENSKAPPE

#### VAN DIE STEENKOOI

I. - INLEIDING .....	11
II. - KORRELASIE VAN DIE STEENKOOLLAE .....	11
III. - ALGEMENE EIENSKAPPE VAN DIE STEENKOOLLAE .	12
IV. - ELEMENTANALISE .....	15
DIE BOORGATSTATE .....	17

Boorgat 1 : Dorpsgronde, Standerton	
Boorgat 2 : Dorpsgronde, Standerton	
Boorgat 3 : Hamelfontein 384 IS	
Boorgat 4 : Rivers Dale 385 IS	
Boorgat 5 : Verblyden 387 IS	
Boorgat 6 : Rivers Dale 385 IS	
Boorgat 7 : Vlakfontein 388 IS	
Boorgat 8 : Hamelfontein 384 IS	
Boorgat 9 :: Rooi Koppies 406 IS	
Boorgat 10 : Kafferskraal 390 IS	
Boorgat 11 : Rietpoort 405 IS	
Boorgat 12 : Brakspruit 407 IS	
Boorgat 13 : Goedgevonden 5 HS	

TABEL 1. BESKRYWING VAN MONSTERS .....	52
TABEL 2. ANALISE VAN MONSTERS .....	57
TABEL 3. SAMESTELLING VAN MONSTERS VIR ELEMENTANALISE .....	59

TABEL 4. VORMS VAN SWAEL EN ASMELTPUNT VAN SAAM- GESTELDE MONSTER .....	59
TABEL 5. ELEMENTANALISE VAN SAAMGESTELDE MONSTER OP 'N DROE, ASVRYE BASIS .....	59
SUMMARY IN ENGLISH .....	61

## LOS VOUBLAAIE

Geologiese kaart van Standerton en omgewing,  
met lokaliteite van boorgate

Stratigrafiese profiele van boorgate 1 tot 13

DEEL I. - GEOLOGIE

deur

K.H.L. Sehlke, D.Sc.,

Geologiese Opname



## I.- INLEIDING

Gedurende die tydperk van 1957 tot 1958 is n gebied in die omgewing van Standerton, n gedeelte van Gebied 63 (Standerton), geologies gekarteer. Hierdie opname is aangevul deur die boor van 13 gate wat die Department Mynwese gedurende die tydperk van 1955 tot die middel van 1958 laat boor het om inligting te bekom oor steenkool.

Aangesien geen dagsome van die steenkoollae voorkom nie, was die boorgate van groot waarde deurdat steenkoolkerns vir analise verkry kon word en die volgende vasgestel kon word:

- (i) die aantal steenkoollae wat aanwesig is,
- (ii) n korrelasie van die verskillende steenkoollae,
- (iii) die deurlopendheid van steenkoollae,
- (iv) die grense tussen sommige geologiese formasies,
- (v) die posisies van verskuiwings.

Die doel van hierdie bulletin is om die resultate van hierdie ondersoek beskikbaar te stel. Die posisies van die boorgate word aangetoon op die geologiese kaart van Standerton en die omgewing, wat saam met stratigrafiese profiele van die boorgate as voublaaie hierby ingevoeg word.

## II.- ALGEMENE GEOLOGIE

Die gebied om Standerton is n gedeelte van die Hoëveld. Dit is n taamlik gelyk vlakte met hoogtes bo-

seespiegel tussen 4,900 en 5,350 voet. Die eentonigheid van die landskap word slegs onderbreek deur 'n paar dolerietkoppies, waarvan die hoogtes na die suide toe afneem. Hierdie vlakte word beslaan deur gesteentes van die Sisteem Karoo en dolerietgange en plate na die Karoo in ouderdom.

Hierdie gedeelte van die Hoëveld het 'n betreklik koel en verfrissende klimaat. Die winters, wat van April tot September duur, is droog en uitermate koud gedurende Junie en Julie, wanneer kwaai ryp, en soms selfs sneeu, voorkom. Die heersende wind is die westewind, die reëntyd duur van Oktober tot Maart, en die gemiddelde jaarlikse reënval is sowat 830 mm.

Water word hoofsaaklik uit damme, boorgate en standhoudende strome geput. Die diepte van die boorgate is oor die algemeen tussen 75 en 125 voet, en 'n groot gedeelte van dié met 'n goede lewering is langs dolerietplate en -gange geleë. Die meeste boorgate in die Étage Bo-Ecca is onsuksesvol vanweë die ondeurdringbaarheid van die skalielae vir reënwater. Redelik sterke natuurlike fonteine is maar skaars.

Dolerietgange en -plate van na die Karoo in ouderdom kom in alle moontlike groottes en vorms oor die hele gebied voor. Gange is in die reël porfirities, maar hier en daar word nie-porfiritiese, grofkorrelige soorte ook aangetref. Sommige gange sny deur plate en hehoort dus tot 'n latere indringingsfase as die plate. Die doleriet wissel van fyn- tot grofkorrelig en die dikte van die plate tussen 10 en 190 voet. In boorgat 5 op

Verblyden 387 IS bereik n plaas die maksimale dikte van 190 voet.

Die volgende opeenvolging van Karoogesteentes is vasgestel uit die boorgatgegewens:

Onderafdelings van die Sisteem Karoo	Verteenwoordigende gesteentes	Dikte
Bo-Ecca	Skalie, blou tot donker-grys, swart, gelerig.	0 tot 140 voet
Middel-Ecca	Sanderige skalieagtige sandsteen, fyn- tot grofkorrelige sandsteen, grintsteen, koolstofhoudende skalie en ondergeskikte skaliebande, en steenkoollae.	515 tot 730 voet
Onder-Ecca	Sanderige skalie en swart skalie.	30 tot 40 voet
Dwyka	Tilliet met sandsteen, skalie en sliksteen bo-aan, na onder toe tilliet met swerfstene van Voor-Karoogesteentes.	15 tot 80 voet

Van die dertien boorgate is agt tot in die Voor-Karoogesteentes geboor en met uitsondering van boorgat 10 op Kafferskraalkopje 390 IS en boorgat 12 op Brakspruit 407 IS, is Dwyka in almal aangetref. As gevolg van tegniese moeilikhede moes boorgate 3 en 8 op Hamelfontein 384 IS gestaak word voordat die Dwyka bereik is. Boorgat 13 op Goedgevonden 5 HS moes gestaak word net nadat deur die hoofsteenkoollaag geboor is.

Omdat die inligting omrent die steenkoollae in die omgewing van Standerton op dié stadium baie onvolledig was, is die gate deur die steenkoolhoudende formasie tot n

die Dwykatilliet of Voor-Karoogesteentes geboor. Boorgate 1, 2 en 4 het skis, 5 en 7 epidioriet, en 10, 11 en 12 graniet van die Argeise Kompleks bereik.

Die verskillende onderafdelings van die Sisteem Karoo word in chronologiese volgorde beskrywe.

Die Serie Dwyka kom voor in boorgate 1, 2, 4, 5, 6, 7, 9 en 11, en die dikte wissel van 15 tot 80 voet. Bokant die tilliet kom hier en daar swart skalie en grofkorrelrige tot grinterige sandsteen voor, en plekplek ook sliksteen. Die dikte hiervan wissel tussen 20 en 40 voet. Die grondmassa van die tilliet bestaan oor die algemeen uit gelerig-groen kleimateriaal en kwartskorrels. Die swerfsteentjies in die tilliet bestaan uit graniet, aarkwarts, pegmatiet, skis en skalie. Al die Voor-Karoogesteentes in die buurt word dus in die tilliet verteenwoordig.

Die Étage Onder-Ecca is weens groot onregelmatigheid van die Voor-Karoooppervlak slegs verteenwoordig in boorgate 1, 5, 9 en 11, waar dit n dikte van 30 tot 40 voet het. Dit bestaan oorwegend uit skalie wat boontoe sanderig word. In boorgat 7 kom 44 voet sanderige skalie wat moontlik tot die Étage Onder-Ecca behoort, bokant die Serie Dwyka voor.

Die Étage Middel-Ecca bestaan uit grintsteen, sanderige skalie, skalieagtige sandsteen, fyn- tot grofkorrelrige sandsteen, grintsteen, koolstofhoudende skalie, en steenkollae. Die sandsteen, wat die oorwegende gesteentesoort is, bestaan uit grofkorrelrige, veldspatiese en grinterig soorte, sowel as ander wat fyn-

korrelrig, kalkhoudend, glimmeragtig en skalieagtig is. Die mikadraende soorte is meestal gelamelleer. Die boonste gedeelte van die étage bevat onregelmatige bande wat van sanderige skalie tot skalieagtige, plek-plek kalkhoudende sandsteen wissel. Oorgangslae tussen Middel-Ecca en Bo-Ecca wat wissel in dikte van 30 tot 70 voet, kom voor in boorgate 2, 7 en 13.

Die Étage Bo-Ecca bestaan uit blou tot donkergrrys, swart en gelerige skalie, en aan die basis is plek-plek kleihoudende tot skalieagtige sandsteen gevind. Die dikte van die Bo-Ecca, volgens boorgatgegewens, wissel tussen 0 en 140 voet. Dagsome is volop, veral ten weste en suidweste van Standerton. Langs die kontakte met doleriet is die skalie hardgebak.

### III.- · DIE STEENKOOLLAE

Die steenkoollae wat in die gebied Standerton voorkom, word in die volgende tabel aangegee. Slegs steenkollaag C, wat op dieptes van 500 tot 700 voet voorkom, bereik n deurlopende bewerkbare dikte in elf van die boorgate; in boorgat 3 op Hamelfontein 210 en boorgat 5 op Verblyden 44 is dit afwesig. Alle ander lae is van minder belang. Die stratigrafiese profiele dui ook aan dat die dikte van die lae na die weste en noorde van Standerton toeneem.

	Formasie	Dikte
Laag A	Steenkool .....	1 tot 15 dm.
	Sandsteen en sanderige tot koolstofhoudende skalie	110 tot 120 vt.
Laag B	Steenkool .....	0 tot 3 dm.
	Sanderige skalie en skalieagtige tot fyn- korrelige sandsteen	50 tot 60 vt.
Laag C	Steenkool .....	39 tot 111 dm.
	Sandsteen en koolstof- houdende skalie, swart skalie en sanderige skalie	15 tot 25 vt.
Laag D	Steenkool .....	7 tot 18 dm.
	Sandsteen en skalie	80 tot 170 vt.
Laag E	Steenkool .....	8 tot 29 da.

Vir beskrywingsdoeleindes word die lae, van die hoogste na die laagste, A, B, C, D en E genoem. Weens gebrek aan gegewens is dit nie moontlik om die steenkollae van hierdie gebied met dié van die gebiede om Bethal en Ermelo te korreleer nie, maar die bewerkbare laag van die steenkoolveld Standerton is heel moontlik dieselfde as laag No.4 van Witbank.

Laag A wissel tussen 1 en 15 duim in dikte en bestaan hoofsaaklik uit gemengde steenkool, plek-plek met skalieagtige sandsteenbande en koolstofhoudende skalielae. Die dak en die vloer van laag A is in die reël opgebou uit fyn- tot grofkorrelige sandsteen. In boorgat 7 op Vlakfontein 388 IS is hierdie laag 14 duim dik en bestaan dit hoofsaaklik uit glanskool.

Laag B is 'n dun steenkollaaag met 'n konstante dikte

van 3 duim in boorgate 4, 8 en 1. Dit bestaan uit gemengde, min of meer gelamelleerde steenkool. Die dak is opgebou uit sandsteen en koolstofhoudende skalie, en die vloer bevat sanderige skalie en skalieagtige tot fynkorrelrige sandsteen.

Laag C wissel in dikte van 39 tot 111 duim. Die steenkool is hoofsaaklik skalieagtige matkool. In boorgat 4 en boorgat 7 bestaan die laag uit gemengde steenkool met meer matkool in die middel. In boorgat 12 en boorgat 13 word die kool gedeeltelik glansend. In boorgat 2 bestaan die dak van die laag uit grinterige, konglomeraatagtige sandsteen, en is die vloer uit 'n skalieagtige sandsteen opgebou. Die maksimale dikte van 111 duim word bereik in boorgat 9 op Rooikoppies 406 IS, waar die laag bestaan uit matkool wat plek-plek skalieagtig word. Die dak uit wit, grinterige sandsteen en die vloer uit 8 duim koolstofhoudende skalie. Oor die algemeen bevat die dak van Laag C deurlopend grofkorrelrige grinterige sandsteen, en bestaan die vloer uit fynkorrelrige, plek-plek middelkorrelrige sandsteen.

Laag D is in boorgate 4, 6 en 7 aangetref. Die laag wissel tussen 7 en 18 duim in dikte en bestaan uit gestreepte, gelamelleerde glanskool. In boorgat 7 is gelaagde, gemengde steenkool aangetref, en die maksimale dikte is in boorgat 4 op Rivers Dale 385 IS bereik.

Laag E is aangetref in boorgate 2, 7 en 12 en wissel tussen 8 en 29 duim in dikte. Dit bestaan uit gemengde tot skalieagtige matkool, en die maksimale dikte is in boorgat 2 bereik. Dit is moontlik dat die dikte van

Laag E na die weste en noorde van Standerton sal toeneem.

Die dak van die Laag bestaan uit fyn- tot middelkorrelrige, en op plekke grinterige sandsteen. Die vloer bestaan uit koolstofhoudende skalie, of fynkorrelrige sandsteen, of sandsteen met skalielagies.

#### IV. - RESERWES

Slegs Laag C is van ekonomiese waarde. As 'n gemiddelde dikte van 5 voet vir hierdie laag deurlopend oor die geprospekteerde gebied van 96,000 acres geneem word, op die basis van 1,800 ton per voet per acre in situ, is die reserwes 864,000,000 ton. Laag C lê op dieptes wat tussen 520 en 670 voet wissel.

DEEL II. - CHEMIESE EN FISIESE EIENSKAPPE  
VAN DIE STEENKOOL

deur

S.W. van der Merwe, M.Sc.,

Brandstofnavorsingsinstituut van Suid-Afrika



## I. - INLEIDING

Alle gegewens aangaande die chemiese en fisiese eienskappe van die steenkoolmonsters verkry uit die boorgate van hierdie boorprogram word vervat in Tabelle 1 tot 5. Tabel 1 bevat besonderhede van die steenkollae en beskrywings van die monsters daaruit geneem. Die kortanalises, verhittingswaardes, swaelgehaltes en assmeltpunte van bogenoemde monsters is in Tabel 2 vervat. Die samestelling van n saamgestelde monster van die hooflaag van die gebied, wat voorberei is met die oog op n meer uitvoerige ondersoek, word in Tabel 3 aangegee, en die vorms waarin die swael in hierdie monster voorkom en die assmeltpunt word in Tabel 4 aangegee. Tabel 5 bevat die resultate van die elementanalise.

n Dryf- en sinkontleding by n soortelike gewig van 1.58 is uitgevoer op kerns van steenkollae met n dikte van 2 voet of meer. Die dryffraksies is volledig geanalyseer, maar op die sinkfraksies is alleen n asbepaling gedaan.

## II.- KORRELASIE VAN DIE STEENKOOLLAE

Alleen vir die doeleindes van hierdie bulletin word die vyf lae wat in hierdie gebied aangetref is, van die boonste na die onderste laag, Laag A, Laag B, Laag C, Laag D en Laag E genoem. Hierdie benamings is volkome willekeurig en die lae moet nie met die A-, B- en

C-lae van die Bethalse gebied of die A-, B-, C-, D- en E-lae van die Ermelose gebied verwarr word nie.

Laag A, Laag C en Laag E stem ooreen met die C-, B- en A-lae van die Bethalse gebied, wat weer op hul beurt met die No.5-, No. 4- en No. 2-lae van die Witbankse gebied korreleer. Laag B stem ooreen met 'n dun lagie wat bo die B-laag in groot dele van die Bethalse veld aangetref word en wat waarskynlik 'n afsplyting van die B-laag is. Laag D stem weer ooreen met 'n dun lagie wat onder die B-laag in verspreide dele van die Bethalse veld aangetref word op dieselfde horison as Laag No.3 van die Witbankse gebied.

### III. - ALGEMENE EIENSKAPPE VAN DIE STEENKOOLLAE

#### A. LAAG A

Hierdie laag is nie in boorgate 10, 11, 12 en 13 in die weste aangetref nie, en in boorgate 1 en 6 is dit moontlik deur doleriet vernietig. In die ander boorgate wissel die laag van  $1\frac{1}{2}$  tot 15 duim in dikte en is dit dus te dun om van enige waarde te wees.

Monsters van die laag is alleen in boorgate 7 en 8 geneem. In laasgenoemde boorgat is die laag deur die boleggende doleriet aangetas en het dit 'n vlugstofgehalte van slegs 15 persent. Die laag is ook minderwaardig: die asgehalte is 31 persent. In boorgat 7 bestaan die laag uit glanskool en is die vlugstof- en asgehaltes onderskeidelik 30 en 17 persent

## B. LAAG B

Hierdie laag is slegs in boorgate 1, 3, 4, 5 en 8 aangetref, waar dit van 2 tot 7 duim in dikte gewissel het. Geen monsters van die laag is geneem nie, aangesien dit van geen praktiese waarde sou wees nie.

## C. LAAG C

Hierdie laag is die hooflaag van die gebied en is oor die hele gebied aangetref, behalwe in boorgate 3 en 5, waar dit deur doleriet vernietig is.

Die laag is veranderlik in dikte en wissel van 39 tot 111 duim, en het 'n algemene neiging om na die ooste dunner te word.

Die laag bereik sy grootste dikte in boorgate 9 en 7, maar hier bevat dit gedeeltes van baie minderwaardige gehalte. In boorgat 9 het die middelste gedeelte van die laag 'n asgehalte van 35.5 persent en in boorgat 7 is die boonste 22 duim weer minderwaardig: die asgehalte is 42.3 persent. Die steenkoldikte van die laag, waar dit van redelike gehalte is, wissel van 39 tot 80 duim.

In boorgate 2, 12 en 13 in die suidweste is die laag taamlik minderwaardig: die asgehalte wissel van 24 tot 27 persent, maar origens is asgehaltes van 18 persent of minder aangetref as bogenoemde voorkomste in boorgate 9 en 7 en dun skalie- of sandsteenlae bo of onder aan die laag nie in aanmerking geneem word nie.

Die volgende is gemiddelde analises vir die hele laag, in al die boorgate waar dit aanwesig is, uitge-

sonderd dié gedeeltes wat asgehaltes van meer as 40 persent het:

<u>Steenkooldikte</u>	.....	59 dm.
<u>Roukoolas</u>	.....	20.3%
<u>Dryfstof van -1" of -2" steenkool by 1.58 s.g.:</u>		
Opbrengs	.....	75.3%
Verhittingswaarde	.....	11.5 lb./lb.
Vog	.....	4.0%
As	.....	16.0%
Vlugstowwe	.....	24.6%
Vaste koolstof	.....	55.4%

Met die uitsluiting van boorgate 2, 12 en 13 en die middelste en boonste gedeelte van die laag in boorgat 9, is die volgende gemiddelde analises verkry:

<u>Steenkooldikte</u>	.....	48"
<u>Roukoolas</u>	.....	16.5%
<u>Dryfstof van -1" of -2" steenkool by 1.58 s.g.:</u>		
Opbrengs	.....	90.8%
Verhittingswaarde	.....	11.8 lb./lb.
Vog	.....	3.9%
As	.....	14.9%
Vlugstowwe	.....	25.4%
Vaste koolstof	.....	55.8%
Swael	.....	0.8%

Die steenkool is van taamlik lae rang, soos deur die hoë voggehaltes van 4 persent aangedui word, en besit geen sveleienskappe nie.

Die swaelgehaltes - bepaal op die dryffraksies (sien Tabel 2) - is redelik laag: hulle wissel van 0.5 tot 1.2 persent.

Die assmeltpunte van die dryffraksies van die laag in boorgate 10, 12, en 13 in die weste is hoër as 1400°C, maar oor die res van die gebied is die lae waardes van 1300°C en minder verkry.

Steenkool uit hierdie laag is geskik vir huishoudelike doeleindeste en vir gebruik in kragsentrales.

Ontginning onder huidige omstandighede mag bemoeilik word

weens die feit dat die laag taamlik dun en van taamlik minderwaardige gehalte is en deurdat sy diepte onder die oppervlakte wissel van 519 tot 666 voet.

#### D. LAAG D

Hierdie laag is slegs in boorgate 3, 4, 6 en 7 aanwesig, en hier wissel sy dikte van 1 tot 18 duim. Monsters van die laag is slegs in boorgat 4, waar 'n dikte van 12 duim uit 'n totale dikte van 18 duim herwin is, geneem. Dit bestaan uit glanskool met 16 persent as en 33 persent vlugstowwe, maar is te dun om van enige waarde te wees.

#### E. LAAG E

Hierdie laag is in boorgate 2, 5, 7 en 12 aangetref. In boorgate 5 en 7 onderskeidelik is die laag slegs 2 en 8 duim dik en is dit nie gemonster nie. In boorgat 12 is die laag 21 duim dik, maar hier bestaan dit hoofsaaklik uit minderwaardige steenkool. Die beste voorkoms van die laag is aangetref in boorgat 2, waar dit 'n asgehalte van 23 persent oor 29 duim het. Dié laag is egter ook te dun om van enige waarde te wees.

#### IV. - ELEMENTANALISE

Die droë asvrye koolstofgehalte van Laag C is 82.6 persent, wat daarop dui dat die laag van effens

hoër rang is as dié van die ooreenkomsstige Laag B van die Bethalse steenkoolveld en dié moontlikheid word bevestig deur die laer voggehalte van Laag C. Die waterstofgehalte van die laag is effens hoër as wat op die Bethalse B-laag met soortgelyke vlugstofgehaltes verkry is, maar die stikstofgehalte van die twee lae is van dieselfde orde. Die swaelgehalte van 0.9 persent is laag, maar die lae assmeltpunt van die laag,  $1310^{\circ}\text{C}$ , mag aanleiding gee tot klinkermoeilikhede.

## DIE BOORGATSTATE

BOORGAT 1

DORPSGRONDE STANDERTON

HOOGTE 5,004 VT.

Dikte verkry	Aard van lae	Ware diepte
Vt.	Dm.	

14	0	Grond.	14	0
6	0	Skalie, sanderig, geel.	20	0
2	1	Sandsteen, wit, grofkorrelrig.	22	1
	10	Skalie, sanderig, gelaag.	22	11
3	2	Sandsteen, wit, fyn- tot grof- korrelrig.	26	1
5	11	Sandsteen en skalielae.	32	0
11	8	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig.	43	8
83	7	Doleriet.	127	3
2	11	Skalie, sanderig.	130	2
1	0	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig.	131	2
5	7	Skalie, sanderig, swart.	136	9
25	4	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig.	162	1
23	10	Sandsteen en skalielae.	185	11
32	3	Sandsteen.	218	2
122	4	Doleriet.	340	6
24	5	Sandsteen en skalielae.	364	11
28	8	Sandsteen, kruisgelaag.	393	7
9	9	Skalie, sanderig, grys.	403	4
1	3	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig.	404	7
54	9	Sandsteen en fygelaagde ska- lie.	459	4
1	6	Skalie, swart.	460	10
17	6	Sandsteen, wit, grofkorrelrig, met steenkoollense.	478	4
	3	<u>Steenkool</u> , gemeng.	478	7
6	11	Sandsteen, fynkorrelrig.	485	6
2	10	Sandsteen en skalielae.	488	4
42	3	Sandsteen, wit, fyn- tot mid- delkorrelrig.	530	7
4	7	<u>Steenkool</u> .	534	8
1	5	Skalie, koolstofhoudend.	536	1
3	4	Sandsteen, wit, fynkorrelrig.	539	5
8	2	Sandsteen en skalielae.	547	7
27	0	Sandsteen, wit, fyn- tot mid- delkorrelrig.	574	7
	9	Skalie, swart.	575	4
2	3	Sandsteen.	577	7
9	7	Skalie en sandsteenlae.	587	2

Dikte verkry	Aard van lae	Ware diepte		
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
2	9	Sandsteen, witgrys.	589	11
7	2	Skalie en sandsteenlae.	597	1
45	8	Sandsteen, wit, middel- tot grofkorrelrig.	642	9
35	8	Skalie en sandsteenlae.	678	5
147	8	Sandsteen, grinterig.	826	1
4	0	Skalie, sanderig, swart.	830	1
3	4	Sandsteen, wit, skalieagtig, grofkorrelrig.	833	5
7	8	Skalie, swart.	841	1
2	4	Skalie en sandsteenlae.	843	5
30	2	Skalie, swart.	873	7
16	10	Sandsteen, grinterig, met tili- liet.	890	5
13	10	Sandsteen, wit, fynkorrelrig, steenkoolaartjies en lensies, enkele rolstene.	904	3
9	11	Tilliet.	914	2
22	0	Doleriet.	936	2
32	5	Tilliet.	968	7
	5	Doleriet.	969	0
29	4	Tilliet. Swasielandskis.	998	4

BOORGAT 2

DORPSGRONDE STANDERTON

HOOGTE 4,987 VT.

Dikte verkry		Ware diepte		
Vt.	Dm.	Vt.	Dm.	
30	0	Grond en leiklip.	30	0
25	0	Doleriet.	55	0
4	6	Skalie, sanderig.	59	6
9	8	Sandsteen, skalieagtig.	69	2
	11	Doleriet.	70	1
57	11	Sandsteen, skalieagtig.	128	0
3	2	Sandsteen, wit, fynkorrelrig.	131	2
7	2	Sandsteen, skalieagtig.	138	4
	5	Sandsteen, grinterig.	138	9
11	1	Skalie met sandsteenlae.	149	10
73	2	Doleriet.	223	0
72	3	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig, kruisgelaag.	295	3
2	9	Sandsteen en skalielae.	298	0
2	0	Sandsteen, wit, grofkorrel- rig.	300	0
10	7	Sandsteen, wit, grofkorrel- rig, met sanderige skalie.	310	7
4	11	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig.	315	6
34	1	Skalie, sanderig, kruisgelaag.	349	7
5	10	Sandsteen, wit, grofkorrel- rig.	355	5
1	10	Sandsteen en skalielae.	356	3
	3	Steenkool, gemeng, skalieagtig sandsteen in onderste 4 dm.	357	6
8	7	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig.	366	1
25	0	Sandsteen, wit, grofkorrelrig, enkele skalielae en steenkoolense.	391	1
8	6	Skalie, swart.	399	7
10	2	Sandsteen, hoofsaaklik fyn- korrelrig, gesilisifiseerde sandsteen in onderste 21 dm.	409	9
32	10	Skalie en wit sandsteenlae.	442	7
30	8	Sandsteen, wit, grofkorrel- rig tot grinterig.	473	3
6	0	Skalie, sanderig.	479	3
7	7	Sandsteen, grof- tot middel- korrelrig.	486	10

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
4	4	Sandsteen en skalielae.	491	2
12	5	Sandsteen, wit, middelkorrelrig, met enkele koolstoflensies.	503	7
15	5	Sandsteen, grinterig, konglomeraatagtig, steenkoollensies.	519	0
7	0	<u>Matkool</u> , hoofsaaklik skalieagtig.	526	0
8	2	Sandsteen, skalieagtig.	534	2
2	3	Sandsteen, wit.	536	5
1	11	Skalie, sanderig.	538	4
3	3	Sandsteen, skalieagtig.	541	7
8	10	Sandsteen en swart skalielae.	550	5
27	6	Sandsteen, grys, middelkorrelrig.	577	11
12	4	Skalie, sanderig, swart.	590	3
59	10	Sandsteen, wit, middelkorrelrig.	650	1
17	5	Skalie en wit grofkorrelrike sandsteen.	667	6
1	3	Skalie, sanderig, swart.	668	9
	10	Sandsteen, wit, grofkorrelrig.	669	7
5	6	Skalie, sanderig.	675	1
4	11	Skalie, swart, koolstofhoudend.	680	0
13	7	Sandsteen, plek-plek grofkorrelrig, wit.	693	7
2	5	<u>Matkool</u> .	696	0
3	6	Skalie, koolstofhoudend.	699	6
14	10	Sandsteen, wit, grofkorrelrig tot grinterig.	714	4
80	6	Sandsteen, wit, grofkorrelrig.	794	10
1	9	Skalie, swart.	796	7
2	1	Sandsteen, wit, grofkorrelrig.	798	8
2	10	Sandsteen, skalieagtig.	801	6
	1	Doleriet.	801	7
	4	Sandsteen, skalieagtig.	801	11

Dikte verkry	Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.	Vt.	Dm.
2	0	Doleriet.	803 11
4	0	Skalie, swart.	807 11
2	3	Sandsteen, fynkorrelrig en swart skalielae.	810 2
9	4	Doleriet.	819 6
41	6	Sandsteen met enkele rol- stene.	961 0
8	0	Skis.	869 0

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
15	0	Grond en sandsteenblokke.	15	0
40	3	Doleriet.	55	3
1	3.	Sandsteen, wit, grofkorrelrig.	56	6
89	10	Doleriet.	146	4
14	8	Sandsteen, donkergrrys, middelkorrelrig.	161	0
4	3	Skalie, swart en sandsteenlamelle.	165	3
7	7	Sandsteen, donkergrrys, met swart skalielamelle.	172	10
2	2	Sandsteen, donkergrrys, fynkorrelrig.	175	0
1	0	Skalie en grinterige, granaat houdende sandsteen.	176	0
8	7	Sandsteen, middel- tot grofkorrelrig, granaathoudend.	184	7
66	11	Sandsteen, wit, grofkorrelrig tot grinterig, granaathoudend.	251	6
11	4	Skalie, swart, met sandsteenlamelle.	262	10
22	2	Sandsteen, grinterig, plek- plek fynkorrelrig, granaathoudend.	285	0
7	3	Skalie, swart, en sandsteen.	292	3
15	6	Sandsteen, hoofsaaklik middelkorrelrig, gedeeltelik grinterig, met granaat.	307	9
98	7	Doleriet, porfirities.	406	4
11	0	Sandsteen, middelkorrelrig, en swart skalielae.	417	4
5		Skalie, koolstofhoudend, swart.	417	9
1		Steenkool, gemeng.	417	10
2	0	Skalie, koolstofhoudend, swart, met sandsteenlamelle.	419	10
34	7	Sandsteen, donkergrrys, fynkorrelrig, met swart skalielamelle.	454	5
7		Skalie, swart, met sandsteenlamelle.	455	0

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
18	4	Sandsteen, donkergrys, fynkorrelrig, met swart skalielamelle.	473	4
16	6	Sandsteen, wit, grofkorrelrig.	473	10
	8	Skalie, swart, met sandsteenlamelle.	490	6
3	0	Sandsteen, grinterig.	493	6
17	9	Skalie, swart.	511	3
12	3	Sandsteen, grys, fyn- tot middelkorrelrig.	523	6
9	1	Skalie, koolstofhoudend, sandsteen.	532	7
	1	Skalie, koolstofhoudend, swart.	532	8
	2	<u>Glanskool</u> , met fyngeelaagde matkool.	532	10
1	8	Skalie, koolstofhoudend, swart met sandsteenlamelle.	534	6
2	9	Sandsteen, grinterig, granaat-houdend, met swart skalielamelle.	537	3
1	2	Skalie, swart, en sandsteen.	538	5
11	7	Sandsteen, wit, grofkorrelrig, met skalielamelle.	550	0
1	0	Skalie, swart, met sandsteenlamelle.	551	0
44	4	Sandsteen, wit, grofkorrelrig, met skalielamelle.	595	4
9	7	Doleriet, porfirities.	604	11
7	4	Sandsteen, dofgeel, fynkorrelrig.	612	3
3	5	Skalie met bruin sandsteenlamelle.	615	8
4	5	Sandsteen, fynkorrelrig, met bruin skalielamelle.	620	1
	3	<u>Glanskool</u> .	620	4
	1	Skalie, koolstofhoudend, swart.	620	5
33	10	Sandsteen, middelkorrelrig.	654	3
7	6	Sandsteen, grys, en bruin skalie.	661	9
68	3	Sandsteen, middelkorrelrig, met enkele bruin tot swart skalielamelle.	730	0

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
18	0	Grond.	18	0
9	6	Sandsteen, wit, middelkorrelig, met skalielae.	27	6
88	1	Doleriet, gelykkorrelig.	115	7
	5	Sandsteen, skalieagtig.	116	0
	6	Doleriet, porfirities.	116	6
12	9	Sandsteen, middel- tot grofkorrelig, met skalielae.	129	3
8	0	Doleriet, gelykkorrelig.	137	3
78	6	Doleriet, porfirities.	215	9
58	3	Doleriet, gelykkorrelig.	274	0
21	6	Sandsteen, grys, middelkorrelig, met swart skalielamelle.	295	6
13	8	Sandsteen, grofkorrelig, koolstofhoudende lensies in onderste gedeelte.	309	2
29	6	Doleriet, porfirities.	309	8
	7	Sandsteen, met swart skalielae.	339	3
8	9	Sandsteen, wit tot grys, middelkorrelig, diagonaalgelaag, met swart skalielamelle.	348	0
6	9	Sandsteen, grinterig, met granaatkorrels.	354	9
43	0	Sandsteen, koolstofhoudende skalie in onderste gedeelte.	397	9
3	1	Glanskool.	397	10
	4	Sandsteen, middelkorrelig, met koolstofhoudende skalielamelle in boonste gedeelte.	401	2
3	8	Skalie. swart. met sandsteenlamelle.	404	10
13	5	Sandsteen, grys, met skalielamelle.	418	3
5	9	Doleriet, porfirities, <u>olie</u> langs nate.	424	0
29	3	Sandsteen, middelkorrelig, met grys skalielamelle.	453	3

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
4	10	Sandsteen, grinterig gra-naathoudend.	458	1
41	5	Skalie, swart, met sand-steenlamelle.	499	6
5	3	Sandsteen, grys, middelkor-relig, met enkele swart skalielamelle.	504	9
5	1	Sandsteen, grys, middelkor-relig.	509	10
6	5	Sandsteen en koolstofhou-dende skalie, n $\frac{1}{4}$ -duim-lagie <u>matkool</u> bo-aan.	516	3
1	0	Sandsteen, middelkorrelrig, diagonaalgelaag, met koolstofhoudende skalielamelle.	517	3
	3	<u>Steenkool</u> , gemeng, gelamel-leer.	517	6
8	0	Skalie, swart, met sandsteen-lae.	525	6
6	1	Sandsteen, wit, middelkorrel- rig.	531	7
	3	Sliksteen, kakiekleurig.	531	10
5	4	Sandsteen, grinterig.	537	2
6	3	Sandsteen, grys, middelkor-relig, plek-plek kalk-houdend.	543	5
	7	Sandsteen, middelkorrelrig, met koolstofhoudende ska-lielamelle.	544	0
9	0	Sandsteen, grof- tot middel-korrelrig.	553	0
30	0	Sandsteen, grinterig, met enkele glanskoollamelle.	583	0
3	9	<u>Steenkool</u> , gemeng, in boon-ste en onderste gedeeltes glanskool, in middel mat-kool.	586	9
	8	Skalie, koolstofhoudend.	587	5
14	4	Sandsteen, middelkorrelrig, met swart skalielamelle.	601	9
1	6	<u>Glanskool</u> , gestreep.	603	3

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
1	5	Skalie, sanderig, koolstof-houdend.	604	8
111	0	Sandsteen, middelkorrelrig, met swart skalielamelle.	715	8
21	6	Skalie, sanderig, grys.	737	2
6	10	Sandsteen, grinterig, met swart skalielamelle.	744	0
2	6	Skalie, sanderig.	746	6
27	0	Sandsteen, middelkorrelrig, met swart skalielamelle.	773	6
43	9	Sandsteen, middel- tot grofkorrelrig, plek-plek grinterig.	817	3
	7	Sandsteen, grofkorrelrig, met enkele steenkollamelle.	817	10
27	11	Sandsteen, middelkorrelrig, met swart skalielamelle.	845	9
25	5	Skalie, sanderig, swart.	871	2
1	10	Sandsteen, middelkorrelrig, met swart skalielamelle.	873	0
38	0	Skalie, sanderig, grys.	911	0
40	7	Sandsteen, middelkorrelrig tot grinterig.	951	7
0	4	Skalie, sanderig.	951	11
9	3	Sandsteen, grys, fyn- tot middelkorrelrig, met skalielamelle.	961	2
54	10	Sandsteen, fyn- tot grofkorrelrig, met tillietlae, enkele hoekige rolstene.	1016	0
6	3	Skis.	1022	3

BOORGAT 5

VERBLYDEN 387 IS

HOOGTE 5,132 VT.

Dikte verkry	Aard van lae	Ware diepte		
Vt.	Dm.	Vt.	Dm.	
17	0	Grond.	17	0
195	3	Doleriet, gelykkorrelrig.	212	3
5	8	Sandsteen, middelkorrelrig.	217	11
3	2	Skalie, sanderig.	221	1
16	8	Sandsteen, fyn- tot middel- korrelrig, granaathoudend.	237	9
40	8	Sandsteen, middel- tot grof- korrelrig, granaathoudend, met swart skalie aan die basis.	278	5
18	1	Skalie, swart, en kruisge- laagde sandsteen.	296	6
9	6	Sandsteen, grys, middelkor- relrig.	306	0
3	5	Skalie, swart, en grys kalk- houdende sandsteen.	309	5
29	5	Sandsteen, kalkhoudend, mid- delkorrelrig, plek-plek kruisgelaag, met 'n paar skalielamelle.	338	10
15	7	Skalie- en sandsteenlamelle.	354	5
1	1	Sandsteen, grys, kalkhou- dend, gelamelleer.	355	6
6	0	Sandsteen met skalielamelle.	361	6
	6	Sandsteen, grys, koolstof- houdend.	362	0
1	0	<u>Glanskool, gelamelleer, en- kele matkoollamelle.</u>	363	0
	8	Skalie, koolstofhoudend, met 'n paar sandsteenlamelle.	363	8
41	5	Sandsteen, middelkorrelrig, met fyngelaagde, swart ska- lie.	405	1
2	8	Skalie, swart, met sandsteen- lamelle.	407	9
1	3	Sandsteen, donkergrrys, kalk- houdend.	409	0
15	8	Sandsteen, grys, middelkorrel- rig, gedeeltelik kalkhou- dend, kruisgelaag, met swart skalielamelle.	424	8
28	0	Skalie- en sandsteenlamelle.	452	8

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
13	3	Sandsteen, middel- tot grofkorrelrig, plek-plek kalkhoudend, met swart skalielamelle.	465	11
3	7	Skalie, swart, met sandsteenlamelle.	469	6
3	5	Sandsteen, middel- tot grofkorrelrig, met enkele skalielae.	472	11
3	7	Skalie, swart, en kruisge-laagde sandsteen.	476	6
17	10	Sandsteen, grofkorrelrig tot grinterig, granaathoudend.	494	4
7	6	Sandsteen, fyn- tot middelkorrelrig, kruisgelaag.	501	10
33	2	Sandsteen, grofkorrelrig tot grinterig, enkele skalielamelle aan basis.	535	0
0	7	<u>Steenkool</u> , gemeng, gelamelleer.	535	7
3	5	Skalie, koolstofhoudend, met twee $\frac{1}{2}$ duim- <u>steenkooliae</u> .	539	0
4	4	Sandsteen en swart skalie.	543	4
8	2	Sandsteen, fyn- tot middelkorrelrig.	551	6
137	11	Doleriet, porfirities.	689	5
2	5	Sandsteen, wit, middelkorrelrig.	691	10
6	0	Sandsteen, lig- tot donker-grys, middel- tot grofkorrelrig.	697	10
18	0	Sandsteen, gelamelleer, kruisgelaag.	715	10
8	11	Skalie, sanderig, swart.	724	9
6	1	Sandsteen, hoofsaaklik fynkorrelrig, dak en vloer middelkorrelrig.	730	10
27	8	Sandsteen, grof- tot fynkorrelrig.	758	6
2	6	Sandsteen, middelkorrelrig, met verspreide rolsteentjies aan basis.	761	0

Dikte verkry		Aard van lae	Ware diepte	
Vt.	Dm.		Vt.	Dm.
31	6	Sandsteen, fyn- tot middelkorrelrig.	792	6
5	2	Skalie, sanderig, swart.	797	8
4	1	Sandsteen, wit, middelkorrelrig, in boonste gedeelte skalielamelle.	801	9
	3	Sandsteen en swart skalie.	802	0
	2	<u>Steenkool</u> , gemeng, gelamelleer.	802	2
109	10	Sandsteen, wit, middel- tot grofkorrelrig, met enkele skalielamelle aan die basis.	912	0
4	3	Skalie, swart.	916	3
8	3	Sandsteen, wit, middel- tot grofkorrelrig, enkele skalielamelle bo-aan.	924	6
12	3	Skalie, swart.	936	9
6	0	Skalie en middel- tot grofkorrelige sandsteen.	942	9
27	6	Skalie, swart, met sandsteenlamelle.	970	3
1	2	Sandsteen, grinterig.	971	5
38	6	Sandsteen, wit, fyn- tot middelkorrelrig, gedeeltelik grofkorrelrig, graanathoudend.	1009	11
	5	Granietrolsteen.	1010	4
1	2	Skalie en sandsteenlamelle.	1011	6
